# Lesing 30.11.2017 - Wese en naam van Satana

Isa 14:12 Hoe het jy uit die Hemele geval, o Heylel (Lucifer), seun van Shagar(die dageraad)! [Hoe] lê jy teen die Aarde neergeslaan, oorweldiger van die nasies! [Psalm 139:7 - 9; Boekrol van Henog 44; 86:1; JeshaJaH 7:11; JeségiEl 28; Lukas 10:18]

Isa 14:13 En jy het in jou hart gesê: Ek wil opklim in die Hemele, my troon verhef bo die Sterre van El en sit op die berg van samekoms in die uithoeke van die Noorde.

**Uit "Aarde en maan" van Jakob Lorber 27-3-1847**

**56** Julle sal wel dikwels gehoor en gelees het, en hoor en lees dit nog, hoe hierdie bose gees onder allerlei name voorkom - en daarnaas nog `n menigte metgeselle van dieselfde soort, wat ons 'duiwels' noem. By hierdie geleentheid sal Ek `n noukeurige verklaring gee, waarom en waarvandaan hierdie deur en deur slegte gees soveel verskillende name gekry het en wie eintlik die duiwels is.

[2] Satana, Satan, Leviatan, Beëlsebub, Gog, Magog, die slang, die draak, die dier uit die afgrond, Lucifer en nog meer soortgelyke name dui hom aan en tipeer hom. Lucifer of Ligdraer was die oorspronklike, en kenmerkende naam. Satana was die teenpool van hierdie Godheid. As Satana was hierdie gees deur God werklik so ten opsigte van die Godheid gestel, soos die vrou ten opsigte van die man gestel is. Die godheid sou Sy ewige idees onbeperk in haar wese verwek, sodat sy ryp sou word in haar gekonsentreerde lig en daardeur sou dan uit die lig van hierdie gees `n skepping van wesens in die grootste helderheid voortgekom het en die hele oneindigheid sou, uit een stryk deur, uit die lig bevolk word. Want in die oneindige ruimte sou oneindig baie plek gewees het en alle ewighede sou hierdie ruimte nooit so kon vul, dat daar `n gedrang van wesens sou ontstaan nie.

[3] Maar soos mens weet: Omdat hierdie gees die eindelose grootse roeping gehad het om `n tweede God naas My te wees, moes hy ook `n daarmee ooreenstemmende vryheidsproef aflê, wat hy egter nie deurstaan het nie, omdat hy hom bo die Godheid wou verhef en Hom aan homself wou onderwerp.

[4] `n Stryd om die rangorde was dus die eerste, wat hierdie gees teen die Godheid misdrywe het. Omdat die Godheid nie toestemming kon gee deur hom die voorrang te verleen en Hom volledig aan hom te onderwerp nie, het hy in sy woede ontbrand en wou die Godheid letterlik vernietig, as God hierdie muiter nie in Sy ewige wysheid op die regte tyd geheel en al stewig gevang het nie; want aan krag daartoe het dit hom werklik nie ontbreek nie. Dit klink wel ietwat raaiselagtig, dat daar in hierdie gees so `n groot krag voorhande sou gewees het, om die ewige Godheid so te weerstaan, dat Hy uiteindelik voor sy krag moes beswyk het en Hom uiteindelik volledig moes laat gevange neem en daardeur vir alle ewigheid lamgelê sou wees, wat eintlik gelyk sou staan om vernietig te wees. Maar die saak word begrypliker as mens bedink, dat die Godheid juis in hierdie gees, om so te sê `n volkome tweede 'Ek' geplaas het wat, hoewel in die tyd geskape, tog wel in alle ruimte van die oneindigheid met gelyke krag teenoor die Godheid gestel was.

[5] Hierdie gees, waarin die Godheid Self haar lig gekonsentreer het, was, net soos die Godheid, oor die hele oneindigheid uitgebreid, waardeur dit ook wel vir hom moontlik sou gewees het om van sy kant af, die Godheid oral aan te gryp en kragteloos te maak. Maar met hierdie selfsugtige gedagte ontwaak in hom `n groot ydelheid en wegval van homself en aan sy lig en sy eindelose verhewenheid en krag. In hierdie selfsug en die ingenomenheid met homself, vergeet hy die ou ewige Godheid, ontbrand in sy ydelheid en konsolideer homself. Toe gryp die Godheid sy wese in al sy dele aan, ontneem hom van sy spesifieke aard, en vorm daaruit hemelliggame in die hele oneindigheid en slaan die gees van die eindelose sielewesens in die mees magtige boeie en ketting hom in die diepte van die materie.

# Lesing 2 - 30.11.2017 - Wese van Satan

**Uit "Aarde en maan" van Jakob Lorber 27-3-1847**

Hfs 56:[6] In hierdie posisie heet hierdie gees dan nie meer 'Satana' nie, maar omdat hy homself in `n sekere mate self losgemaak het uit die ewige goddelike ordening, heet hy 'Satan' wat soveel wil sê as gelyke pool met die Godheid. Maar mense weet dat gelyke polariteite mekaar nooit aantrek nie maar altyd afstoot. Daarin lê ook die oorsaak, dat die wese ook die vêrste van die Godheid verwyder is en die grootste teenstelling met Hom vorm en daarin lê ook sy aardsboosheid. Nou weet mens, waarom hierdie gees dus 'Satan' genoem word.

[7] Deur die woord 'Leviatan' wou die mens maar net sy krag en mag aandui deur hom te vergelyk met die uitgestorwe seemonster, wat eens die grootste, kragtigste en mees onverwoesbare dier op aarde was. Hy was so groot soos `n land, sy gestalte was die van `n reuse draak wat soveel krag gehad het, dat hy in staat was om in sy ingewande `n kragtige vuur te verdra en geen nadeel daarvan ondervind het as die vuur dikwels met vreeslike vuurvonke uit sy bek en neusgate sproei nie. Om hierdie rede word ons bose gees ook dikwels die 'vuurdraak' of die 'draak van die afgrond' genoem. By hierdie gees, wie se siel geheel ontbonde was, maar wie se geestelike suiwerder wese nog baie gebonde is, wou dit verskeie kere voorkom asof hy hom wou verbeter, as die een of ander vir hom toegestaan sou word. Dit sou hy ook sekerlik kon doen, omdat hy, sovêr dit moontlik was, van al sy bose sielespesifika ontslae kon raak. Nou het hierdie gees verlang, dat `n mens hom moes toestaan om `n tyd lank goddelik vereer te word, en as hy sou insien dat hierdie verering hom nie geval nie, dan sou hy heeltemal omkeer en `n suiwer gees word. Dit was ook vir hom toegestaan. Die hele heidendom, wat byna so oud is soos die mensegeslag, getuig daarvan. Daarom het die Heer ook oorspronklik slegs `n klein volkie op aarde vir Homself uitgesoek; alle ander volkere kon, wel in volle vryheid, die begeerte van hierdie gees ongestraf opvolg, so ook die diere.

[8] Uit hierdie toestande het toe die mees verskillende benaminge vir die as God vereerde wese ontstaan.

[9] Maar omdat die wese nie hiermee tevrede was nie, en in plaas van die beloofde verbetering, steeds meer in die goddelike ordening ingegryp het, was hy nou in `n baie nou gevangenis gedryf. Daar het sedert hierdie tyd al baie gelykgesinde geeste uit die menslike geslag hulleself opgelei, en hulle werk in die midde van hierdie engele van hom; want `n 'diabolis' of duiwel is niks anders as `n in die skool van Satan opgegroeide eng gevormde gees nie.

[10] Mens moet dit nie op hierdie manier begryp, asof sulke geeste letterlik in `n skool van die Satan opgelei was nie, maar hulle vorm hulleself deur middel van die spesifika, wat hulle uit die band met hierdie gees in hulle opgeneem het. Hierdie geeste heet, omdat hulle ook die aardsbose in hulle het, wel 'duiwels' of wel 'leerlinge van die Satan', maar onderskei hulle in `n hoë mate van hom. By hulle is maar net wat tot die siel behoort homogeen met die bose gees, maar hulle gees is, hoewel stewig gevange, tog suiwer, terwyl die gees van Satan die eintlike bose is. Daarom sal en kan dit gebeur, dat alle duiwels nog gered kan word, voordat Satan in homself genoodsaak word om die groot reis na sy ewige val te onderneem.

[11] Nou weet mens van welke natuur Satan en duiwel nou eintlik is. Hierna volg gedenkwaardighede om dit alles kragtiger toe te lig.

# Lesing 3 - 04.12.2017 - Wese van Satan

**Die belang van die onderskeiding van die bose**

**Uit "Aarde en maan" van Jakob Lorber 29-3-1847**

**57**] Ek weet baie goed dat hierdie baie duiwelse verhale baie mense nie sal geval nie en Ek weet ook, dat baie daarin op een of ander skynbare teenstrydigheid sal stuit; maar dit is nie belangrik nie. Wie sit, is beter daaraan toe as diegene wat moet staan en `n sagte bed is ook beter as `n klip onder die hoof. Wie daarom sit of in `n sagte bed lê, bly maar daar as dit hom geval; ons sal egter nóg sit, nóg lê en nóg minder bly staan, maar loop en wel vooruit en nie agteruit nie. Daarom moet dit ons ook nie hinder, dat ons soveel hoor wat vir die gevoel bitter is, maar des te heilsamer vir die gees. As dit al moeilik is om met `n vyand te stry wat mens kan sien en ken, hoeveel te moeiliker is `n stryd met `n vyand wat die mens nóg sien, nóg ken. Daarom is dit nodig om die vyand te ken, sodat `n mens kan weet hoe `n mens hom moet aanpak, om `n toekomstige stryd met hom met sukses te deurstaan.

[2] Is die graan gedors en in die voorraadskure opgeberg, dan kan die strooi versamel en verbrand word en die graan in die voorraadskure sal geen bekommernis daaroor hê nie. As iemand egter genade by My gevind het, word hy as geestelike lewenskoring in die beste voorraadskure bewaar en as sy liggaamlike strooi miskien enkele barste van die kant van die Satan kry, dan sal dit die gees nie skaad nie.

[3] Dat dit seker nóg vir die toehoorder, nóg vir die spreker aangenaam is om sataniese situasies en werkinge aan die lewendes voor oë te voer, hoef geen betoog te verg nie. Maar `n goeie apteker moet nie net met allerlei lewensessens handig kan omgaan nie, dog ook met allerlei giftige stowwe, anders sal hy geen goeie apteker wees nie. Dit geld ook vir die ewige lewe van die gees en dit is van groot belang om die hel, net soos die hemel, grondig te ken.

[4] Wie sal egter so dwaas wees om die skoon wasgoed na die wasvrou te bring? Elkeen bestel die wasvrou vir die vuil wasgoed; om dit skoon te maak is volgens orde en plig.

[5] Net so min bestaan die engelgeeste en die mens om die hemel te reinig en te vee, maar slegs om dit skoon te maak wat van oudsher al vuil was.

[6] Daarom is dit ook noodsaakliker om die plek waar die vuilheid is, netso noukeurig te ken as die plek van reinheid. Want slegs die eerste moet bewerk word en as hy eenmaal skoon is, dan kom die hemel vanself.

[7] Dit sou `n dom dwase leer wees, as mens aan een of ander menslike groepering `n gebod gee om maar net voortdurend die goeie na vore te bring en dit bomatig te prys; maar oor die kwaad sou mens nooit moet nadink nie en dit selfs nie afkeur nie. Die goeie hoef nóg opgehemel, nóg geloof te word, dit verhef en prys homself. Wel baie noodsaaklik is dit, dat elke mens op sy slegte gedagtes en begeertes en werk jag maak en dit dadelik, soos gevaarlike wild, neervel in die wêreldse woud van die ordeloosheid, sodat in hom die spreuk bewaarheid kan word: 'En as jy alles gedoen het, beken dan dat jy `n onverdienstelike kneg is!"

[8] Dit is ook werklik baie beter om te sê: Meester, wees my arme sondaar genadig en barmhartig', as Meester, Ek dank U dat Ek nie so is soos ander mense nie, soos tollenaars en allerlei sondaars van verskillende kaliber nie!" - anders lyk mens werklik soos `n hoogmoedige fariseër of selfs soos `n dom kweselaar (dweper) en pelgrim, wat `n bedevaart maak en wat werklik, sowel voor die duiwel, as voor `n 'crucifix' `n kruis slaan.

[9] Óf, oordeel self wat van beide noodsaakliker is; om die grond te ken waarop mens loop, of net die uitspansel, waar nog niemand `n tree op geloop het deur hom daarteen te gestamp het nie! Die grond is die draer; daarom moet mens weet hoe vas dit is en of daar geen afgronde is waar mens kan inval nie, en as daar een is, hoe mens dit kan ontwyk.

[10] Maar wat sou dit iemand help, as hy die hele hemel soos `n ensiklopedie voor sy neus het, maar hy sou onderweg op die eerste die beste klip stamp en dan saam met sy hemel op sy neus val?

[11] Dit is sekerlik baie aangenamer, opwekkender en opbouender om met die oë die sterrehemel op te soek, as op die aarde wat vol vuilheid en afval is, rond te kyk. Maar as mense dit tog vir hulle tot `n verhewe wet sou maak om steeds maar met sy oë die sterre op te soek en `n mens daarby in `n modderpoel sou val, vra mens hom wel af of die persoon in sterrestreke die vuiligheid van sy klere sal verwyder en of hy dit op aarde met skoon water sal doen? Ek bedoel dat by die werk wat die twaalf sterretekens en ook Orion, Cassiopeia, Castor en Pollux nie nodig is nie, maar wel die water, of as die vuilheid nie so erg is nie, maar net `n borsel, `n werktuig van hout en varkhare, gemaak, die hare van die onreinste dier, maar dat tog vir die reiniging van klere baie deugdeliker is as Orion, Cassiopeia, Castor en Pollux.

## Lesing 4 - 05.12.2017 - Wese van Satan

**[Spoke en besetenheid 30-3-1847**

**58** Julle het, solank as wat daar boeke geskrywe was, merkwaardige gevalle van verskillende soorte van besetenheid gelees, waarvan die toestand en sfeer julle voor die gees staan. Maar weet julle ook presies hoe hierdie besetenheid ontstaan, waar dit vandaan kom en by welke geleentheid? Om dit teoreties te behandel sou oorbodige werk wees, omdat julle tog al verskeie inligting op die terrein verkry het; maar om hierdie saak dramaties voor te stel, sodat mens daaroor kan nadink, sal elkeen wat dit lees baie lig gee. Laat ons so `n gedenkwaardigheid by ons oë verbygaan.

[2] Die Satan, wat al `n groot aantal baie slegte aanhangers het, stuur sy handlangers op bepaalde tye onder die mense in, met die opdrag om elkeen te vang, wat maar te vang is en om geen middel onbeproef te laat, om een of ander siel vir die hof van die vors van alle verdorwenheid en leuens te vang nie. Met so `n opdrag begewe die slegte handlangers hulle dan op allerlei sluipweë na die bo-wêreld; hulle weet hoe om hulle bose bedoelinge daar so goed as wat maar moontlik is, te kamoefleer, sodat geen beter gees wat hy uiteindelik teenkom, argwaan teen hom sal kry nie. Word daar rekenskap van hom verlang, dan gee hy altyd `n respektabele rede op en smeek die wagters, wat meer mag het as hy, om hom na bo te laat gaan, sodat hy meer ervaring sal kry en geleentheid kan hê om die baie foute van vroeër goed te maak, hom te verbeter en dan langsamerhand in die ware lewenslig binne te gaan.

[3] Aangesien daar, sowel in die ryk van die goeie, as van die bose geeste, egter niks soseer gerespekteer moet word as die vrye wil nie, vir sovêr dit nie al te growwe kwaad in die mou voer nie, word hy vrygelaat, maar natuurlik onder voortdurende, heimlike toesig; want hy moet later nie kan sê: 'Ek wou die weg van verbetering opgaan, maar julle het dit nie toegelaat nie!"

[4] Maar as `n mens dit vir hom toestaan en hom die geleentheid daartoe veelvuldig bied, wat meestal misbruik word, dan het hy daarna ook niks in te bring as hy in `n slegter toestand moet terugkeer as dit waarin hy hom aanvanklik bevind het nie.

[5] Wat doen sulke bose spitsboewe (opperskelms) nou as hulle in die bo-wêreld aankom? Hulle gryp werklik alle moontlike middele aan om hulle geheime voornemens ten gunste van die hof van Satan te realiseer. Enkeles, wat in die gunstigste geval van mense afstam, wat vroeër in hulle lewe op aarde hoogmoedige en ryk grondbesitters was, gaan na hulle afskuwelike kastele wat nog hier en daar te vinde is, spook daar rond en wil die mense daarop wys dat in so `n kasteel nog een of ander skat begrawe lê. As daar, as gevolg van sulke spookverskynsels, `n paar dom mense werklik hierop opmerksaam gemaak is, dan begin hulle ook baie gou die bose gees wat rondspook, deur allerlei magiese tekens, instrumente en formules te besweer, met die bedoeling dat hy hulle sal wys waar die skat begrawe lê en hoe en waar mens moet grawe om dit te vind.

[6] As so `n kwaadaardige bewoner van die ou kasteel dan weldra merk, dat hy die mense deur sulke los spookverskynsels aangetrek het, dan is hy die besweerders dikwels terwille en toon hulle deur allerlei verskynsels aan, waar so `n skat begrawe is; en dan gaan grawe die mense en vind meestal niks, waardeur hulle egter dikwels nie wyser word nie, maar hulle werk met nog groter ywer voortsit. By sulke geleenthede gebeur dit dan, dat so `n helse makker soos `n tierkat `n prooi uitsoek, hom beetpak en hom op alle moontlike maniere in sy vlees indring, wat die maklikste gebeur via tot hulle geneemde spyse of drank, veral as sulke na skatte hunkerende werkers hulle spyse of drank nie eers in My Naam geseën het nie. As so `n bose spookgees sy doel bereik het, dan is die spokery in so `n ou kasteel gewoonlik ook afgeloop.

[7] Het so `n spookgees dan in die vlees van `n mens binne gedring, dan sluip hy soos `n kat om die hart van die mens heen. Hy ken weldra sy swak kante en begin hom sy bose neigings, wense en begeertes in te blaas. Word dit dan goedkeurend deur die menslike hart opgeneem, dan bly sy Eksellensie baie rustig in die vlees en sien slegs toe hoe so `n mens langsamerhand ywerig volgens helse influistering begin te handel.

[8] As so `n mens alles gedoen het, wat so `n bose gees wat in hom woon wil hê, dan bewerk hierdie gees gewoonlik `n dodelike siekte in die vlees en probeer dit so vinnig moontlik op hierdie manier te bederwe en die siel wat vir sy strewe geswig het, aan die vlees te ontruk, om haar dan soos `n goeie buit aan sy heer en gebieder se voete te lê.

[9] Maar daarna verloop die saak nie meer volgens die plan van die gebieder nie; want sodra die siel die vlees verlaat - of sy nou goed of sleg is - word sy dadelik deur engele in ontvangs geneem. Die verdorwe jagter word egter gevoelig getugtig en die moedersiel slegs na haar heer en gebieder terugverwys, waar dan weer `n baie sterk tugtiging plaasvind; en `n soortgelyke gees, wat so onhandig opgetree het, word dan nie somaar weer in die jaggebied gestuur nie.

[10] Die siel word egter met haar inwonende gees deur die engele in so `n toestand gebring, waarin sy langsamerhand erken hoe dit met haar wêreldse gedrag gesteld was. As sy haar wil bekeer, dan gaan sy steeds hoër, maar as sy hardnekkig is, dan sink sy steeds dieper tot in die gevoeligste straf. Maar as sy dan nog geen terugkeer kan bewerkstellig nie, dan eers mag sy volgens haar eie vrye wil `n proeftog in die hel maak. Beval dit haar daar, dan bly sy daar volgens haar eieliefde, beval dit haar nie, dan mag sy weer terugkom, wat selde gebeur, omdat die hel volgestop is met die mees bedrieglike, baie belowende maar niks realiserende lokmiddele nie. Want daar heers bedrog op groot skaal, wat daarop ingestel is om so `n siel steeds nader aan die eintlike wese van die Satan te bring, sodat sy `n geheel ooreenstemmende deel van hom sal word, wat egter nooit kan gebeur nie, omdat elke siel al `n eie gees in haar het en nie daarvan kan loskom nie - die gees is teenoorgesteld aan die van Satan.

# Lesing 5 - 06.12.2017 - Wese van Satan

**Oor die luste van die vlees en die sinne**

**59** Mense weet dat sommige mense baie met vleeslike luste behep is, manne sowel as vroue, terwyl daar ook mense is, by wie die sinlik-vleeslike byna heeltemal gevoelloos is; sulke mense doen niks nie, al sien hulle die mees verlokkende liggaam voor hulle. `n Welgevormde vrouevoet, `n arm, `n bors as die gebruiklike uithangborde van die vroulike geslag om die sinlike drifte by die man op te wek, beroer `n nie-sinlike dikwels netso min as `n houtpaal - waarteenoor weer ander by die aanskoue van die vroulike sinne-prikkelende uithangborde heeltemal onstuimig word. Ja, daar is dwase wat by die aanskoue van `n vroue-arm so verlief word, dat hy gek sou word as hy so `n vrou nie tot eggenote of minstens tydelik vir sy sinlike genot kan gryp nie.

[2] Die rede vir so `n vleeslike neiging, veral as dit baie hewig op die voorgrond tree, lê gewoonlik in die besete wees deur een of meer geil vleesduiwels.

[3] Maar hoe beland hulle nou in die vlees van so `n mens? - Daartoe bied die mens self die geleenthede daarvoor. Sulke vleesduiwels woon ten eerste in die ophitsende dranke, in wyn, ook in bier en veral in die gestookte dranke. As mense hulleself met sulke dranke in `n roes drink, dan het hulle deur hierdie dranke sekerlik een, so nie, meer vleesduiwels in hulle vlees opgeneem. As hulle egter eenmaal in die vlees is, dan prikkel en kwel hulle die genitalieë so sterk, dat die mens nie anders kan as om sulke prikkels deur die sinlike genot van die vlees te bevredig nie, en wel met vroue of soms ook selfs met diere. Hierdie vleesduiwels is natuurlik niks anders as onsuiwer siele van gestorwe mense, wat hulle oorgegee het aan drank of wat baie sinlik was. Hulle kom wel om verbeter te word in die vlees van `n nog lewende mens, maar juis omdat die vlees hulle element was, gaan hulle dikwels in so `n mens wat hulle beset het, nog erger te kere as vroeër in hulle eie vlees.

[4] Juis hierdie verdorwe vleessiele veroorsaak meestal, as hulle dit te ver dryf en vuriger word in hulle onsuiwer luste, die afskuwelike en baie gevaarlike sogenaamde sifilitiese siektes, wat deur die beskermende engelgeeste toegelaat word, sodat die siel van die eintlike mens nie heeltemal ten gronde sal gaan in die rasende woede van sy vlees nie.

[5] Sulke opswepende dranke is dus die eerste weg, waarop die vleesduiwels in die vlees van die mense kom.

[6] Die tweede weg, net so gevaarlik as die eerste, is die openbare dans geleenthede. Mense kan aanneem dat daar op `n bal (dansplek) ook altyd tien keer soveel onsigbare, vleessugtige, onsuiwer siele is as wat daar gaste op so `n bal aanwesig is. Op so `n manier beland hulle die maklikste in die vlees, wat hier erg opgewonde word en daardeur uitstekend in staat is om soortgelyke onrein siele gespuis op te neem. Om hierdie rede voel mens na so `n bal vir alles wat hoër en verhewener is, gewoonweg `n teensin....

[9] Die besete-wees op sigself is weliswaar aanvanklik nie met dieselfde hewigheid as byvoorbeeld by diegene, wat deur opswepende dranke soortgelyke onrein geeste in hulle opgeneem het nie. Die geeste uit die ophitsende dranke word maklik deur `n kragtige gebed van die siel deur sy gees verwyder, waarop die normale toestand van die vlees dan weer kan intree. Maar die besetenheid langs die weg van die openbare dansgeleenthede is nie so maklik te herstel nie en daar sal baie vas, bid en selfverloëning daarvoor nodig wees, waardeur die siel haar meer en meer met haar gees verenig, wat die bose tuig dan deur middel van haar gryp en dit uit die huis van die siel verwyder.

[10] Maar waar vind jy sulke dansers of danseresse wat dit sal doen? Gewoonlik eet hulle al tydens en na die dans nog meer as daarvoor en wil hulle weer daardeur versterk, wat soveel wil sê as dat die vleesduiwel lewenslank pensioen en onderdak met siel en bloed gewaarborg kry.

[11] Baie wat dans gaan ook, wat hulle liggaam betref, in `n kort tydjie ten gronde as hulle teveel van soortgelyke gaste in hulle opgeneem het; want as hierdie verdorwe indringers in die vlees geen plek in die niere en in die geslagsdele vind nie, dan gaan hulle ook in die milt woon of in die lewer of die longe. Waar so `n emigrant uit die hel egter sy intrek neem, daar dood hy as`t ware die vlees en die gevolge daarvan is verharding van die milt en lewer en tuberkulose en tering in die longe, maar as twee of meer van hulle op die longe gewerp is, kan die sogenaamde vlieënde tering ook intree.

[12] Ek sê vir julle, en julle kan dit rustig aanneem: Die meeste siektes by die mense is afkomstig van hulle helse inwoners, wat hulle self `n toegang in hulle vlees verskaf het.

[13] Dit is dus egte kinders van die wêreld en baie begin in hulle jeug al die skool van die hel te deurloop. Sodat hulle egter nie sal merk dat hulle in hulle vlees vreemde gaste van die slegste soort herberg nie, probeer hierdie geeste nie net die vlees van hulle gashere so sinlik moontlik te maak nie, maar hulle werk ook in op die siel, sodat sy haar in allerlei wêreldse dinge tuis begin voel.

**59[14]** Hierdie wêreldse dinge is: Mode; die verlokkende vlees moet volgens die mode geklee

wees, die hare gekrul, die vel met welriekende speserye ingevryf word en by die manlike individue mag die helse sigaar nie ontbreek nie en menige jong modegek rook, as hy maar `n bietjie geld besit, dikwels in een dag soveel, dat tien armes ruimskoots genoeg brood hiervoor sou kon gekoop het.

[15] Weet julle egter ook wat hierdie rookmode beteken? Die bose inwoners doen moeite om die siel al tydens haar lewe aan die helse damp en stank gewoond te maak, sodat sy na die uittrede uit haar liggaam, hulle stinkende geselskap nie dadelik opmerk nie en dit ook nie so gou sal voel, wanneer hierdie skone geselskap haar heeltemal onverwags in die hel invoer nie.

[16] Daar is al wel gesê, dat elke siel na haar dood eers in die geselskap van die engele kom, waar haar slegte geselskap dadelik moet terugwyk. Dit gebeur ook wel in die geval; maar so `n siel bly nie altyddeur in die geselskap van die engele nie, maar word in so `n toestand deur hulle verplaas, waar dit vir haar moontlik word om haar aan te vul, of beter gesê, sy word op so `n plek gebring waar sy deur `n bepaalde vrye wilsbesluit die spesifika weer kan terugkry, wat sy vir haar voltooiing nodig het, omdat sy dit op die wêreld verkwis het.

[17] Op so `n plek kan so `n siel dan ongemerk deur die vroeëre bose vleesgeselskap genader word. Hoewel hierdie helse wesens vir `n ietwat meer suiwer siel stink soos die pes en die siel die teenwoordigheid maklik bemerk, is die reukvermoë van die siel in hierdie geval dikwels so bedorwe, dat sy so `n benadering nie opmerk nie. Want van sien is tog geen sprake nie, omdat die siel ten eerste veels te min lig het en die sig van die siel tog ook van binne-uit gaan en sy daarom maar net kan sien wat in haar is en nie wat buite haar is nie.

[18] Sulke geeste bevind hulle buite so `n siel, daardeur sien sy hulle nie, maar deur haar reukvermoë kan sy van hulle teenwoordigheid gewaarword en hulle standpunt presies te wete kom en as sy dit weet, kan sy haar in haar gees terugtrek, wat haar dadelik verlig, waardeur sy dan ook dadelik kan sien, waar haar vyande hulle bevind en wat hulle wil hê. En sien die helse eenmaal die aangesig van hierdie siel, dan vlug hulle ylings weg. Want `n helse gees kan alles verdra, behalwe die oog van `n suiwer siel, natuurlik nog minder die van `n engel. En om hulle teen My oog te beskerm, word daar berge aangeroep ter dekking.

[19] Hieruit kan julle maklik aflei, waarom Ek al verskeie kere geywer het teen die hoogs afskuwelike tabakrook. Tegelykertyd het julle deur hierdie gedenkwaardigheid gesien, hoe die oormatige vleeslike lus in die mens ontstaan, waartoe dit lei en hoe die mense hulle maklik daarteen kan beskerm. - Hierna sal ons weer ander gedenkwaardighede bekyk en die passende lesse daaruit leer.

## Oor die speelduiwel en die moderne opvoeding

**60** `n Ander tipe mens het al van jongs af aan, wat gewoonlik `n groot opvoedingsfout is, `n spesiale verlange na allerlei soorte speletjies; hulle kan die tyd nie andersins deurbring nie, as maar net met gebeusel en spel. Die verlange na speletjies word van die kant van kortsigtige en dom ouers gewek, deurdat hulle al vir die klein kindertjies voortdurend `n groot hoeveelheid sogenaamde kinderspeelgoed aanskaf om die kinders deur soortgelyke speelgoed, as hulle nog baie klein is, tot swye te bring, en as die kinders ietwat grootgeword het, hulle deur sulke speelgoed tot werksaamheid te bring.

[2] Terwille van sulke kinderspeelgoed vind mens in die stede selfs spesiale winkels en is daar selfs markte, waar sulke domhede in die mees verskillende soorte en dikwels in die ergerlikste vorme te koop aangebied word.

[3] Kyk, daar het ons een bron en weer `n nuwe weg, waarlangs die bose siele van afgeskeide mense in die vlees van sulke kinders kan binnekom.

[4] Wat sal die gevolg daarvan wees? Hierdie kinders word alreeds deur hierdie geeste wat in hulle binneste woon, daartoe aangedrywe, om meer en meer speelgoed te besit. Ja, baie kinders kry soveel speelgoed van hulle ouers, dat dit al `n fortuin kos. Die kinders verdiep hulle uiteindelik in hierdie speletjies en het byna geen tyd en rus om iets anders te doen as om aan hulle speelgoed te dink nie. Die jong seuns het ruiters, houtperde, papiersoldate, helmets, blik gewere en sabels; maar wanneer hulle groot is, wil hulle lewende-, in plaas van houtperde en in plaas van blik- word egte gewere aangeskaf; want dit is noodsaaklik dat `n jongmens voor alles leer dans, ry, veg en swem. Ook oefeninge in die skietkuns met pistole kan mos nie skaad nie. Daarnaas is dit vanselfsprekend dat `n jongmens soos `n egte heer, soos mense gewoond is om te sê, nog voor hy sy moedertaal ken, ook `n paar moderne vreemde tale gebrekkig leer praat, daarby ook tuis is op die gebied van die mode, en hulle leer die gewoonte aan om die geglaseerde handskoene al van jongs af so vas om die hand te pers, dat die vingers stokstyf daarin staan. En gelukkig is diegene, wat al as seun op `n kinderbal (dans) as eerste kan voordans, waaroor die ouers van so `n genie, bykans siek word van suiwer verrukking en vreugdetrane vergiet, - trane, wat dan as opgeloste spesifika in die siel die merkwaardige werking veroorsaak wat op die volgende neerkom: Omdat juis hierdie trane so `n belaglike afskeid van die oë moet neem, soek hulle daarna hulle toevlug by die ore van dieselfde siel, waardeur juis die ore deur `n ongewone verlenging baie sterk groei.

[5] Uit sulke nie-hoopvolle, maar hopelose seuns van sulke werklik meer as eselagtige ouers, groei dwase op wat niks weet nie, omdat hulle noot iets geleer het wat die goeie verstandskragte van hulle siel, ook maar iets kon verryk het nie.

**Hfs 60[6]** [8] Geskiedenis en aardrykskunde sou sulke

mense nader aan die goddelike bring, terwyl hulle deur die hierbo aangegewe moderne opvoeding met huid en haar sonder genade of verskoning reëlreg na die onderste hel gevoer word. En dit alles is die gevolg van die speelduiwel wat al in die vroegste jeug ingewortel en die vlees in besit geneem het, wat tot die mees hardnekkigste behoort, want hy verenig in hulle die speelsug, behaagsug, voortdurende verlange om hulle te vermaak, materiële winsbejag en daarmee die vermomde heerssug. Hierdie duiwel is die allermoeilikste om uit die mensevlees te dryf en gaan byna op geen ander manier uit, as wat hy by Judas Iskariot uitgedryf is (deur homself op te hang), wat nog veel beter was as die beste modegek vandag.

[9] Ook op dieselfde manier word die vroulike geslag dusdanig misvorm, dat die siel van `n twaalfjarige jong dame al dikwels net so lyk soos `n Proteus *(om gedurig-deur van klere te verwissel)*. So `n meisie is al in die wieg `n modiste, (modegek) want daarvoor kry sy `n hele spul poppe om aan- en uit te trek, nuwe kleertjies voor te maak en so te leer om verskillende houdings aan te neem, soos wat sy dit in die modetydskrifte sien. Daarby moet sy ook al Frans en Engels (moedertaal is Duits) begin te praat, terwyl daar van bid nog geen sprake is nie. Ook die dansmeester kry gou baie te doen en daarna die klavier- en teken leraars.

[10] Op hierdie manier groei, as dié onderwysmetode goed gehandhaaf word, uit die wiegkind, wat nouliks in staat is om haar neus self te snuit, eers `n wonderkind en as so `n meisie nouliks vyf handbreedte grootgeword het, dan is sy al `n engel, as sy nie al `n godin is nie.

[11] Dit is vanselfsprekend dat die godsdiensleraar nie vanweë die religie, maar vir die 'bon ton' (goeie toon) in so `n herehuis oppasser moet speel.

[12] Word so `n meisie dan ongeveer 13 of 14 jaar oud, dan word sy al volgens die groot modeblad opgesmuk en in die sogenaamde groot wêreld binnegelei, by welke geleentheid daar natuurlik weer vreugdetrane deur die ouers vergiet word wanneer so `n dogter, wat die wêreld binnegelei word, dan daar byval oes.

[13] Hierdie dogter ken weliswaar, ondanks die godsdiensleraar, dikwels nie `n teks uit die Skrif nie; ook nie die 'onse Vader' en ewemin die tien gebooie nie, want om te bid is iets vir die (arm) volk en hoort nie tuis in die eintlike vername kringe nie. Daar word in die eerste plek gelet op die houding, op die stap, op die houding by die stap, of dit wel is soos wat die mode dit voorskryf, dan op `n mooi gesiggie, op `n baie ontblote hals, teer, wit, sagte en ronde hande en as dit moontlik is, nog meer op `n passende klein voetjie, en ook of so `n meisie in die edele kuns van die kokettery tuis is- en natuurlik ook of haar kleding elegant is. Onder sulke omstandighede is so `n vroulike prageksemplaar uit die goeie kringe, dan ideaal.

[14] Hoe gelukkig sou menige esels hulle prys, as hulle so `n vroulike prageksemplaar as vrou kon kry. Ja, so `n esel sou wel gelukkig wees, want so `n prageksemplaar kan hom binne `n kort tydjie tot die hoogs nugtere oortuiging bring, dat hy ten eerste `n groot esel was en ten tweede dat sy verruklike vroulike prageksemplaar niks anders was as `n gekalkte graf, of `n van buite vergulde pilaar, waarvan die inwendige hout geen sent werd is nie.

[15] Wat is egter die oorsaak van so `n ontaarding? Die oorsaak is al hierbo aangegee; en dit is die besetenheid met `n sogenaamde speelduiwel, wat hulle veroorloof om dit met die mense te doen, wat die kinders, veral die meisies, met hulle poppe doen.

[16] Sou dit nie beter gewees het, as die kinders dan tog speelgoed moet hê, dat `n mens vir hulle speelgoed gee wat een of ander betrekking het op My jeug op aarde nie? Daardeur sou die kinders `n goeie neiging ingeplant kry en hulle sou, wanneer hulle groter word, met plesier na meer feite en data vra en na alles wat hulle speelgoed voorgestel en beteken het. Onder sulke omstandighede sou `n ware kategeet dan sekerlik `n baie vreugdevolle werk hê in die aanleg van `n jong wingerd en hy sou ook weldra wonderbaarlike vrugte oes.

[17] Maar hier is juis die teenoorgestelde die geval. In plaas van vir die hemel, word die kind al in die wieg vir die hel opgevoed, wat dan ten slotte ook triomfeer.

[18] Van die soort word die meeste na die hel deurgevoer, want sulke mense beskou hulle as baie goed, regverdig en, volgens hulle begrippe van die wêreld, volkome deugsaam, vandaar dat daar ook nie te dink is aan `n verbetering nie. Dit sou volgens die begrip van sulke mense, slegs `n teruggang en `n agteruitgang van hulle fyn sedes wees.

[19] `n Dief en `n moordenaar kan berou voel, `n hoereloper, `n egbreker en ook `n dronkaard kan onder bepaalde omstandighede sovêr gebring word, dat hy sy groot dwaasheid insien en `n mens aan hom kan sê: 'Jou sonde is jou vergewe, gaan heen en sondig nie meer nie!” Wat sou mens egter vir hierdie fyn ontwikkelde, hoogmoedige en baie trotse wêreld sê? Sy hou haar voor as opreg, buitengewoon beskaafd, en hou haar aan die wette van die goeie toon en smaak; sy ondersteun ook die armes as die goeie smaak dit veroorloof, gaan ook na die kerk - op die tye natuurlik, wat die elegante wêreld pleeg om daarheen te gaan;

## Lesing 8 - 11.12.2017 - Wese van Satan

### AARDE EN MAAN: Die wese en die gevolg van woede - 6-4-1847

**61** Omdat ons al in die voorafgaande gebeurtenisse gepraat het oor besetenheid, wil ons hiermee deurgaan en in hierdie gedenkwaardigheid `n baie gevaarlike besetenheid onthul. Waaruit sal dit dan bestaan?

[2] Dit bestaan uit die in-besit-neem van die aardse vlees deur die duiwel van toorn. Hierdie besetenheid is die mees gevaarlikste, omdat `n soortgelyke woede-duiwel nie slegs die vlees in besit neem nie, maar altyd ook nog `n legioen diensbare geeste by hom het.

[4] Haat is die belangrikste voeding van die toorn, daarna die hoogmoed en wat daaruit voortkom, naamlik selfsug, afguns, gierigheid, egbreuk, hoerery, veragting van al die goddelike, ook geringskatting van die gelyke, moord en doodslag, heerssug en ten slotte volkome gewetenloosheid. ...

[5] Hierdie bose gees is, as hy van `n liggaam besit geneem het, net so moeilik om uit die vlees van `n mens te kry, as wat dit moeilik is om `n brandende huis te blus, waar die vlamme aan alle kante uitslaan. Daar is niks anders meer moontlik as om dit tot op die laaste balk te laat uitbrand en mettertyd die afgekoelde te ondersoek of daar nog iets in hom is, wat nie deur die afskuwelike gloed verteer is nie.

[12] Dit alles kon deur `n passende goeie opvoeding van die kinders vermy gewees het; ook al is daar by die een of ander `n groot aanleg daarvoor aanwesig, tog kan dit deur `n goeie opvoeding, met daarnaas ook `n goeie lewensdieet so georden word, dat daar mettertyd maar net iets goeds, in plaas van iets verkeerds, daaruit kan kom.

[13] Die grootste fout daarby is die verwenning van die kind; by hierdie slegte gewoonte word elke ondeug van die klein kind deur die vingers gesien. Die kind word van dag tot dag ouer en merk hoe hy die allerlei ondeugde en klein streke ongestraf kan begaan. Dan probeer hy steeds groter sogenaamde kwajongstreke te onderneem; en word van die kant van die ouers maar weinig of glad geen aandag hieraan geskenk nie, sodat die kind al `n soort standvastigheid in sy woede bereik, dan werp hy hom baie gou op tot `n onstuimige eiser en gebied gewoonlik dat `n mens dit vir hom gee waarna hy verlang. Gee mens dit nie vir hom nie, of staan mens hom `n bepaalde iets nie toe nie, dan word hy rooi van woede en dikwels onverdraaglik ru en grof.

[14] Laat die ouers hulle deur die gedrag bang maak en gee hulle toe aan die ongebreidelde verlange van die kind, dan het hy al die eerste graad van duiwelse selfstandigheid bereik. Weldra begin die opgroeiende kind hom dan tot brutale wetgewer van sy ouers op te werp en dit gaan met die ouers werklik sleg, as hulle die eise van hulle ontaarde kind nie dadelik sou inwillig nie.

[15] Word so `n kind nou ouer, groter en sterker, dan sou baie ouers hulle lewe nie seker wees as Ek nie hierdie vleesduiwel deur velerlei siektes in die vlees van sulke bedorwe kinders aan bande sou lê nie. Slegs deur hierdie siektes word hy tot `n sekere graad uitgedryf, veral gedurende die tyd wat hy in die bloed gekom het. Rooivonk, uitslag, masels, vlekke, pokke en nog ander siektes is afvoermiddele van dit wat die menslike natuur bederf. Dit dryf die bose spesifikum natuurlik nie heeltemal uit nie, maar slegs in sovêr as wat hulle hulleself in die bloed gewaag het.

[16] As die ouers egter na so `n deurstane siekte van die kinders, waardeur Ek hulle te hulp gekom het, verstandig sou wees en die kind ordelik en volgens vaste reëls sou behandel, dan sou dit vir hulle en die kind geestelik en liggaamlik `n goeie saak wees.

[17] Maar daarna verwen hulle hom gewoonlik des te meer en dan word die tweede toestand meestal erger as die eerste; want as hierdie vleesduiwel in die kind gemerk het, ...

[18] Dan moet Ek weer tussenbeide kom en die vlees van die kind met disenterie (maagwerking) of swaar hoesaanvalle teister, sodat die spesifikum weer uit die senuwee afgevoer word, waardeur die vlees van die kind, as hy soortgelyke hulpmiddele kan deurstaan, weer `n tyd lank geholpe is, hoewel dit meestal beter is dat so `n verpestelike kwaad van die siel van die kind afgeneem word, voordat die vleesduiwel die siel kon aangegryp het.

[19] Daarom neem Ek gewoonlik van sulke ouers, wat hulle kinders teveel verwen, die kinders af; meestal is dit die geval by ouers wat min kinders het en daarom dikwels kla: “Ek het maar een kind, en hy is voortdurend siek" of “My enigste kind moes sterwe, maar my buurman het `n hele paar kinders en hulle loop halfnaak rond, hulle het geen versorging nie, is kerngesond en daar sterf nie een nie."

[20] Dit is sekerlik baie waar, sê Ek dan, omdat daar `n goeie rede voor is. Die enigste kind sou teveel verwen word en mettertyd heeltemal dood wees vir My ryk, omdat sy ouers dwase is en `n apeliefde het, waarmee hulle hulle kind vir die hele ewigheid sou dooddruk, as Ek net so `n dwaas sou wees as hulle hulle kind sou laat behou as tydverdryf, sodat hulle hulle daarmee kon amuseer soos ydele stadsdames en kasteelvroue hulle amuseer met hulle papegaaie, hondjies en voëls.

[21] Aangesien Ek egter `n hoër doel met die mens voor oë het, as om maar net speelgoed te wees vir dom onnosele ouers, bly daar natuurlik geen ander middel oor as om die kinders reëlreg van die ouers weg te neem en hulle ter verdere opvoeding aan My engele te gee nie.

# Lesing 9 - 12.12.2017 - Wese van Satan

### AARDE EN MAAN Die bestryding van die toorn

**62** Omdat juis hierdie woededuiwel so gevaarlik is as hy hom in die mensevlees bevind, is dit dikwels nodig om kinders te laat sterwe, ja om selde ook hele generasies deur pes en ander rampsalige siektes liggaamlik te dood, voordat dit vir hierdie duiwel moontlik word om die siel volledig in sy wese op te neem. Dit is dan ook van die grootste belang vir elke mens wat sy eie siel moet bewaar en - as hy vader of moeder is - ook die siele van sy kinders, dat mense die korrekte leefreëls ken en dit opvolg, waardeur nie net die siel gered kan word nie, maar ook die liggaam van die mens so `n hoog moontlike leeftyd kan bereik vir die ewige welsyn van sy siel; dit kan egter nie gebeur as die mense nie grotendeels hierdie leefreëls ken nie en as hy dit reeds ken, dit tog nie opvolg nie.

[2] Hoe moet `n mens hom dan van sy geboorte af gedra, of hoe moet hy opgevoed word, sodat hy op `n ryper leeftyd die psigiese en liggaamlike dieet-ordening in ag kan neem, waardeur dit vir hom moontlik word om `n rustige hoë ouderdom te bereik en juis deur hierdie hoë leeftyd vir sy siel `n ware, vaste ewige voortbestaan verseker?

[3] As die wieg al openbaar, dat die kind `n baie gevoelige natuur het en maklik deur allerlei invloede geprikkel kan word, moet hy, solank hy nog geen geheue het nie, deur sulke stowwe gevoed word wat die **bloed nie verhit nie**, maar wel sag afkoelend werk.

[4] Soog die moeder die kind, dan moet sy haar weerhou van geesryke dranke en veral van gemoeds-bewegings; daardeur bring sy spesifika in haar bors, wat voedsel vir hierdie vuurgees is - kort en goed, sy moet haar van sulke spyse en dranke weerhou wat die gal teveel opwek of die al opgewekte gal irriteer. Peulvrugte, veral bone, is nie aan te beveel nie, wel egter matige Boullion (vleisekstrak of sop) en gebraaide vleis van suiwer diere, meelspyse van koring, rog en wit mielies; ook gars of rys wat nie in vet melk gekook is nie, is geskik.

[6] Soog die moeder die kind, dan moet hy van die bors weggeneem word as die eerste tandjies hulle vertoon, want met die tande begin ook die geheue by die kind. Die beste sou egter vir so ‘n kind wees om geen borsvoeding te kry nie.

[7] Koringsemels gekook met ietwat suiwer heuning sou in die begin die beste wees vir so `n kind met hitsige bloed. Mens kan ook garswater neem wat met ietwat heuning of suiker versoet is;  netso goed, en dikwels nog beter is gekookte vye of gekookte johannesbrood (karob).

[8] By sommige kinders, veral later as hulle ietwat ouer is, sou ligte lynsaad moes ook baie goed wees.

[9] Melk van diere is aanvanklik nie aan te beveel nie, omdat baie diere dikwels self nie heeltemal gesond is nie en daardeur ook geen gesonde melk kan gee nie - wat gewoonlik in die winter die geval is. Dikwels is diere ook volbloedig en het `n heftige temperament en hulle melk sou dan vir so `n driftige volbloedige kind sleg te pas kom. Eers as kinders een tot twee jaar oud geword het, kan hulle ligte, met water verdunde melk kry.

[10] Dit sal egter nooit skadelik wees om soms gekookte vrugtemoes te eet nie, want vrugte, veral goeie appels en fynere pere, is baie goed om die bloed te reinig en rustiger te kry.

[11] Vleis mag hierdie kinders dan eers kry, wanneer hulle die tande gewissel het. Kry kinders, veral die hierbo genoemdes, al vroeg vleisspyse, dan word hulle bloed teveel daardeur gevoed en hulle vlees te vet en daardeur word hulle sweetkliere te slymerig, waaruit dan vir hierdie kinders gevaarlike siektes ontstaan.

[12] As sulke kinders sovêr is dat hulle kan loop en praat, dan moet hulle hulleself besig hou met allerlei meer rustige en vir die kinderlike gemoed nuttige en opvoedende speletjies en mens moet voortdurend daarby oplet, dat sulke kinders hulle nooit teveel verhit nie, nóg deur teveel bewegings en nóg baie minder deur `n gevoelseffek; alles wat hulle maar in die minste sou kan vererg, moet agterweë gelaat word.

[13] Bemerk mens egter dat, nieteenstaande alle omsigtigheid, dat daar by die een of ander tog opbruisinge van die gemoed ontstaan, dan moet mens nooit versuim om `n doelmatige straf toe te pas nie, nie deur slaan nie, maar liewer, en met meer sukses, deur doelmatige vasting. Want niks heel die woede beter as die honger nie en hongeriges is die minste geneig om in opstand te kom, terwyl hulle, as hulle versadig is, eintlik nie te vertrou sou wees nie.

[14] As mens kinders deur soortgelyke oorsake moet straf, is dit baie goed dat mens hom sê en laat begryp, dat die hemelse Vader hom geen brood gestuur het nie, omdat hy ondeund was. As hy egter weer baie braaf raak en die hemelse Vader om brood vra, sou hy hom dit dadelik weer gee. Daardeur word sulke kinders op God opmerksaam gemaak en dit sal hulle steeds dieper in hulle jong siele griffel, dat dit in alles van God afhang en dat Hy al die goeie en slegte baie trou vergeld.

[15] Is sulke kinders dan baie rustig en goed opgevoed, dan moet mens ook nie versuim om aan hulle te toon hoe die hemelse Vader groot vreugde aan hulle het en hulle daadwerklik in die oggend, in die middag, en in die aand toeroep: 'Laat hierdie liewe kleintjies na My toe kom!”

# Lesing 10 - 13.12.2017 - Wese van Satan

## Oor die menslike eersug

**63** Iets wat byna nog skadeliker en erger is as drif of die toornduiwel in die menslike vlees, is die eersug, of die strewe om ander te wil oortref, wat weliswaar gelyke tred hou met die toorn, maar tog die basis van hom vorm; want `n deemoedige mens word nie maklik tot woede geprikkel nie, terwyl die vlamme dadelik by `n hoogmoedige mens uitslaan, soos mens gewoond is om te sê. Hierdie eersug is die eintlike hoofduiwel by die mense en vorm byna `n geheel met die Satan. Kinders word dan eers deur hierdie bose gees in beslag geneem, as hulle tot ietwat selfkennis gekom het.

[2] Die aanleg daartoe merk mens egter al vroeër, as die kinders nog maar nouliks kan praat. Bring maar net `n paar kinders saam en slaan hulle by hulle spel gade en baie gou sal mens opmerk hoe die een die ander wil oortref; want `n kind, wat nouliks kan praat, vind dit reeds heerlik as hy deur ander geag word.

[3] By die vroulike geslag is hierdie trek besonder sterk. Hulle vind hulle baie gou mooi en begin hulle te versier en wie witvoetjie by so `n meisie wil soek, moet maar baie dikwels sê dat sy mooi is. Die meisie sal dan ietwat verleë begin te lag en dit sal nie meer so goed gaan as daar `n tweede baie mooi meisie is wat haarself in hulle geselskap bevind nie. Maar dit sou heeltemal verkeerd gaan as mens die ander meisie miskien nog mooier sou vind, dan sal sy verseker heimlik, of miskien in die openbaar, traantjies laat val.

[4] By die jong seuns het `n mooi uiterlike nie soveel invloed as hulle nog kinders is nie, maar by hulle gaan dit oor hulle krag. Elkeen wil die sterkste wees en met sy krag sy kameraad totaal oorwin, hy sal so moontlik sonder genade of erbarming met hande en voete hom daarvan dikwels `n byna moorddadige bewys lewer, maar net om die sterkste te wees en daarom as die mees gevreesde onder die jong seuns bekend te staan.

[5] By sulke geleenthede bemerk mens by kinders baie gou die teenwoordigheid van die sataniese demoon.

[6] Dat hierdie demoon dadelik bestry moet word, daarvoor gee die natuur al `n wenk, ook al sou niemand `n groter en dieper insig op die gebied hê nie, omdat die strewe om die beste te wees, kennelik maar al te gou in die grootste ondeug kan ontaard.

[7] `n Behaagsieke meisie word gou `n koket en weldra ook `n hoer en in die toestand is sy as`t ware al op die punt waarop Satan haar wil hê. En die jong seun word weldra `n lomperd, `n vegtersbaas en in alle opsigte iemand, vir wie niks meer heilig is nie, behalwe hyself.

[8] Weldra groei uit sulke mense brombere en twissoekers oor God en oor alles en elkeen; hy weet bykans alles beter as `n ander, begryp alles beter en sy oordeel moet wel die beste wees, maar net omdat dit van hom kom. Wie hulle nie aan so `n oordeel wil onderwerp nie, die is in die mildste geval `n esel en in `n ietwat meer demonstratiewe geval kry hy `n pak slae.

[9] Wat moet later van so `n mens word? Wie moet sulke mense verbeter, wat alles beter weet as `n ander? En laat `n ander hom ook duidelik sy dwaasheid sien, dan word hy driftig en wat hy dan nie meer met sy mond kan uitrig nie, dit laat hy aan die krag van sy hande oor, wat gewoonlik sterker is as die tong van die teenstander. `n Paar kragtige houe in die ribbekas en net soveel kragtige kaakslae met die vuis werk op die oomblik beter as alle wysheid van Sokrates en Cicero; daar sou hoogstens Simson en ook Dawid as stryders `n gedugte teenstand kon bied.

[10] Dit kom alles van die eersug, wat maak dat elkeen die voortreflikste wil wees, ook as hy in werklikheid die laaste is. As beide wapens tekort skiet, dan bly vir hom nog `n mond oor om te vloek en `n onblusbare wraaksug. Natuurlik gaan die eersug en die drif dan by so `n geleentheid hand aan hand; hulle dienare is dan lis en veinsery.

[11] Hierdie allerboosaardigste duiwel in die menslike vlees is die bron van alle kwaad onder die menslike geslag en is volkome van dieselfde soort as die onderste en diepste hel, want in hom vind mens alle ondeugde verenig.

[12] Sou daar ooit wel `n oorlog gewees het as hierdie demoon nie die menslike vlees soseer bedorwe het nie?

**<u>DIE LIED VAN JONG SUID-AFRIKA</u>**

**En hoor jy die magtige dreuning?**
**Oor die veld kom dit wyd gesweef:**
**die lied van 'n volk se ontwaking**
**wat harte laat sidder en beef.**
**Van Kaapland tot bo in die Noorde**
**rys dawerend luid die akkoorde:**
**Dit is die lied van Jong Suid-Afrika,**
**Dit is die lied van Jong Suid-Afrika,**
**Dit is die lied van Jong Suid-Afrika.**

**Die klop van Voortrekkerwawiel**
**het die eeue se rus verstoor;**
**die klank van die voorlaaierskote**
**het klowe en kranse gehoor.**
**Die diere het stil staan en luister,**
**die bome het bewend gefluister:**
**dit is die koms van Jong Suid-Afrika,**
**dit is die koms van Jong Suid-Afrika.**
**dit is die koms van Jong Suid-Afrika.**